



Vorm vir studente wat addisionele ondersteuning nodig het



Voltooi hierdie vorm asseblief digitaal. Dit is vir ons makliker om jou data vas te lê as jy nie die vorm met die hand invul nie.

1. Ons verwelkom jou aansoek

Ons verwelkom aansoeke deur studente met spesiale leerbehoefte of gestremdhede. Deur hierdie vorm te voltooi, help jy ons om jou behoeftes beter te verstaan, wat ons dan in staat stel om te kyk hoe ons jou kan ondersteun indien jou aansoek aanvaar word.

Soos met enige ander student se aansoek, kyk ons heel eerste na jou akademiese meriete en of jy aan die keuringsvereistes voldoen vir die kursus waarvoor jy wil inskryf. Dan oorweeg ons wat redelik en prakties is vir die spesifieke program waarvoor jy aansoek gedoen het.

2. Ons beskerm jou inligting

Ons respekteer jou privaatheid en sal jou inligting as vertroulik hanteer. Sleutelpersoneellede met akademiese, administratiewe, of ondersteuningsfunksies het egter inligting nodig om uit te werk hoe ons jou tot die beste van ons vermoë kan ondersteun indien jy aanvaar word. Daardie inligting oor jou moet ons met hulle deel.

3. Laai hierdie vorm, en die bykomende dokumente op www.maties.com op jou aansoekprofiel

Laai asseblief die ingevulde vorm en al die bykomende dokumente (bv. enige afskrifte van die mediese of sielkundige bewyse van jou toestand of gestremdheid) op www.maties.com op jou aansoekprofiel. Daar kan jy ook jou aansoekstatus nagaan om te sien hoe dit vorder. Dit is baie belangrik dat jy teen die sluitingsdatum al die vereiste dokumente saam met hierdie aansoekvorm oplaai. Ons kan nie jou aansoek begin verwerk voordat ons nie al die regte inligting het nie.

4. As jy hulp of inligting nodig het

Skakel die SSVO se Eenheid vir Gestremdhede om uit te vind oor die tipe ondersteuning wat die Universiteit bied. Jy kan die Eenheid skakel by +27 (0) 21 808 4707, of besoek www.sun.ac.za/cscd. Jy is ook welkom om jou fakulteit vir meer inligting te kontak.

5. Wanneer jy op die kampus aankom

Ons bied elke jaar 'n oriënteringsessie vir studente met gestremdhede aan. Dit vind aan die einde van Januarie plaas as deel van die oriënteringsprogram vir nuwelingsstudente. Onthou om so gou moontlik na registrasie vir bystand by die Eenheid vir Gestremdhede aansoek te doen.

6. Hoe kan ons jou in die hande kry?

Wanneer ons jou vorm ontvang, stuur ons dit aan die fakulteit(e) waarby jy aansoek doen sodat hulle kan bepaal of hulle in staat is om in jou behoeftes te voorsien. Die persoonlike inligting wat jy hier verskaf stel ons ook in staat om jou aansoekvorm vining op te spoor.

Naam en van

Studentenommer

Geboortedatum

Selnommer

E-posadres

Woonadres



A. Jou studies

Watter program wil jy volg?

Eerste programkeuse

(spesifiseer studierigting indien van toepassing, bv. BA (Sosiale Dinamika), BSc (Menslike Lewenswetenskappe))

Tweede programkeuse

Derde programkeuse

B. Jou spesiale leerbehoefte of gestremdheid

Ons wil so goed moontlik verstaan watter soort ondersteuning jy nodig het. Ons sal nie noodwendig in staat wees om te help op al die maniere wat jy hier onder aandui nie, maar dit kan ons help met beplanning vir die toekoms.

1. Jy het op jou aansoekvorm aangedui dat jy 'n spesiale leerbehoefte of gestremdheid het. Beskryf dit asseblief kortliks.

2. Watter tipe ondersteuning het jy op skool (of by 'n ander opvoedkundige instansie) ontvang? Ons stel op die volgende bladsy vrae waarby jy ook nog besonderhede kan verskaf.

3. As jy 'n mobiliteitsgestremdheid het of 'n rolstoel gebruik, waarvan moet ons bewus wees? Beskryf ook die tipe rolstoel wat jy gebruik, en of jy daarmee oor die weg sal kan kom wanneer jy byvoorbeeld aan veldwerk, gemeenskapsinteraksie of laboratoriumwerk deelneem.

4. **Hulp om op kampus rond te beweeg**

- Ek gebruik 'n gidshond of dienshond, of ek is van plan om vir 'n hond aansoek te doen.
- Ek het hulp nodig om my op die kampus te oriënteer (bv. waar staproetes en rolstoelvriendelike roetes is).

Watter ander hulp sou jy kon nodig kry terwyl jy op kampus rondbeweeg (bv. ryvlakke, hysbakke of handreëlings)?



5. Hulp in die klaskamer en ander leeromgewings

- Ek kan nie sonder hulp laboratoriumwerk doen nie (bv. mikroskoopwerk, disseksies of eksperimente).
- Ek sou 'n gebaretaaltolk nodig hê, indien een beskikbaar is.

6. My studiemateriaal moet omgeskakel word na:

- Elektroniese formaat (PDF of MS Word) Braille Vergrote font

Watter ander hulp sou jy by lesings of praktika-sessies kon nodig kry (bv. dat die dosent in 'n groot lesingsaal 'n mikrofoon moet gebruik)?

7. Hulp tydens toetse en eksamens

- Ek benodig ekstra skryftyd.

(a) My vraestelle moet omgeskakel word na:

- Elektroniese formaat (PDF of MS Word)
- Braille
- Vergrote font. Hoe groot moet die font wees? pt
- Aangepaste papiergrootte A4 A3

(b) Ek lê vraestelle soos volg af:

- Ek skryf met die hand Met behulp van 'n skrywer
- Met behulp van 'n leser Met behulp van 'n gebaretaaltolk
- Met behulp van 'n rekenaar (maar sonder gespesialiseerde ondersteuningsagteware)
- Met behulp van 'n rekenaar met ondersteuningsagteware soos: JAWS NVDA ZoomText
- WYNN Dragon Dictate Ander

8. Hulp in die koshuis

As jy plek in 'n Universiteitskoshuis kry, watter tipe hulp sou jy nodig hê (bv. aangepaste badkamerfasiliteite of toegangsroetes)?

9. Finansiële Ondersteuning

Ontvang jy enige finansiële ondersteuning vir jou studies en persoonlike behoeftes?

- Ja Nee

Indien jy NEE aangedui het, oorweeg asseblief om vir die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) aansoek te doen. Klik asseblief op www.nsfas.org.za om aansoek te doen vir finansiële ondersteuning voor 30 November.

10. Dui aan en verskaf besonderhede oor enige ander spesiale ondersteuning of bystand wat moontlik benodig word

